SONDAG 13 DESEMBER 2009

Teks: Lukas 1:26-38

DIE AANKONDIGING VAN JESUS SE KOMS

INLEIDING

Oor drie weke is dit Kersfees. Ek het gedink dat ons vir hierdie drie weke moet nadink oor van die dinge wat gebeur het voordat Jesus gebore is. Op Kersdag gaan dit dan uit die aard van die saak oor Jesus se geboorte.

Daar is ‘n baie besondere DVD oor die aanloop tot en die geboorte van Jesus. Die DVD se naam is “The Nativity Story.” En ek gaan elke Sondag ‘n snit uit die DVD gebruik wat sal aansluit by die teks waaroor ek daardie Sondag preek.

1. Maria die belangrikste vrou in die geskiedenis. (Genesis 3:15)

As Jesus se ma speel Maria ‘n baie belangrike rol in die Rooms Katolieke Kerk. Volgens hulle kan ons deur Maria bid tot Jesus Christus.

Martin Luther, Johannes Calvyn en ander hervormers het onder andere veral reageer op die manier waarop die Rooms Katolieke kerk Maria oor Maria gedink en die rol wat sy daar gespeel het. Met die gevolg dat Maria in die kerke van die hervorming bitter min aandag kry. Feit is egter, sy is Jesus se ma en sy is die belangrikste vrou in die geskiedenis van die mensdom.

Die geskiedenis van die mensdom begin in Genesis 1, in die tuin van Eden.

In die tuin van Eden het God Adam en Eva feitlik onbeperkte vryheid en verantwoordelikheid gegee. Hulle moes oor God se skepping heers. Daar was net een voorwaarde, hulle mag nie van die boom in die middel van die tuin eet nie.

Maar toe verskyn Satan op die toneel. Satan was een van God se engele wat teen God in opstand gekom het, met die gevolg dat Satan en ‘n derde van die engele wat saam met hom in opstand gekom het, uit die hemel geskop is. Maar ten spyte daarvan, het Satan se opstand teen God nooit opgehou nie. Net soos hy ‘n derde van die engele oortuig het om saam met hom teen God in opstand te kom, het hy nooit opgehou om te probeer om die mens ook sover te kry om dieselfde te doen nie. Hy is vandag nog daarmee besig en hy is nogal redelik suksesvol.

Wanneer Satan dan in die vorm van ‘n slang in die tuin van Eden op die toneel verskyn, verlei hy vir Adam en Eva om teen God se gesag in opstand te kom deur hulle te oortuig dat hulle nie nodig het om God te gehoorsaam nie. Satan slaag in sy doel. Adam en Eva doen wat Satan sê.

Wanneer God ontdek dat Satan die mens sover gekry het om teen Hom te rebelleer, moet beide Satan en die mens die gevolge van hulle opstand teen God dra.

“Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.” (Genesis 3:15)

God belowe vir Satan dat die dag sal kom wanneer sy mag oor die mens en sy opstand teen God finaal tot ‘n einde sal kom wanneer iemand uit die nageslag van Eva sy kop sal vermorsel en sy mag oor die mensdom finaal gebreek sal word.

In hierdie vloek wat God oor Satan uitspreek lê ook die belofte van die finale oorwinning. Hierdie oorwinning oor Satan is net ‘n tydelike oorwinning. Daar kom ‘n dag van oorwinning vir die nageslag van Eva wanneer Satan se mag finaal gebreek sal word.

God se belofte aan Adam en Eva is nooit vergeet nie en word telkens in die Ou Testament herhaal. Die volk het begin praat van die Messias wat wat sou kom en hierdie laaste en finale oorwinning sal behaal. Messias beteken gesalfde wat in Grieks met Christus vertaal word.

Die Messias het Israel se enigste hoop geword en die profete het aangehou om Israel Israel te bemoedig met belofte van die koms van die Messias. Sodoende het Israel se hoop in die moeilikste omstandighede lewend gebly.

Jesaja was een van die profete.

2. Jesaja se profesie. (Jesaja 7:14)

In die jaar 740-690 v.C. het die volk Israel gevaar geloop om deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer te word. In hierdie tyd tree Jesaja op as profeet in Israel en hy herinner hulle aan die Messias wat ‘n einde sal maak aan hulle swaarkry.

> “Die Here sal daarom self vir julle ‘n teken gee: ‘n Jong vrou sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring en sy sal Hom Immanuel noem.” (Jesaja 7:14)

Hulle sal Hom Immaneul noem – dit beteken God is by ons. Die Messias wat sou kom sou niemand anders wees as God self nie.

3. Teofilus en Lukas..

Lukas skryf sy evangelie om te wys dat God hierdie belofte waar gemaak het.

Lukas was ‘n Griek, nie ‘n Jood nie. Lukas is waarskynlik ook nie die dissipel Lukas nie, maar wel die Lukas wat saam met Paulus gewerk het. Hy skryf hierdie evangelie aan Teofilus.

> “Geagte Teofilus... Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”

Ons vermoed dat Teolfilus êrens op een van Paulus se sendingreise die evangelie boodskap gehoor het gehoor het en hy wou toe 100% seker maak oor die geloofwaardigheid van die

evangelieboodskap. Lukas was nie net ‘n Griek nie, hy was ook ‘n mediese dokter, met ander woorde ‘n geleerde man wat gemaak het dat hy kundig genoeg was om hierdie stukkie navorsing te doen.

Lukas skryf sy evangelie tussen 65-69 n.C.. Op daardie stadium het feitlik al die dissipels asook die ander volgelinge van die Here Jesus nog gelewe. Met ander woorde, Lukas kon met verskillende van Jesus se volgelinbge gepraat het om “die verhaal noukeurig op te teken.”

Lukas skryf 80 verse gaan oor Maria, die belangrikste vrou in die geskiedenis van die mensdom. Maria, die ma van Jesus en die verloofde van Josef uit die nageslag van koning Dawid.

Nadat Lukas vertel het van Elisabeth wat swanger geraak het, kom hy by die belangrikste vrou in die geskiedenis van die mensdom:

“Sy (Maria) was verloof aan Josef, ‘n man uit die nageslag van Dawid. (Lukas 1:27)

Uit die nageslag van Dawid sou die Messias gebore word. Hy sou koning wees vir altyd. Koning van de konings en Here van die Here. As ‘n mens nie die belofte in die tuin van Eden deur Abraham deur Dawid en deur Josef ken nie, gaan dit vir jou moelik wee om te verstaan waaroor die evangelie van Jesus Christus nou eintlik gaan.

SNIT uit “The Nativity Story.”

Gabriël se verskyning aan Maria (Lukas 1:26)

“In die sesde maand van Elisabeth se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na ‘n maagd in Nasaret, ‘n dorp in Galilea.” (Lukas 1:26)

Wanneer Gabriël aan Maria verskyn is Elisabeth reeds swanger. Ook deur ‘n wonderwerk, maar eerder ‘n wonderwerk in die sin dat beide sy en Sagaria te oud was om kinders te verwek, maar God het dit laat gebeur.

Gabriël is ‘n engel. Die belangrikste van alle engele. Vir my is dit treffend dat Satan, die engel wat uit die teenwoordigheid van God verdryf is, aan Eva verskyn, maar wanneer God die geboorte van die Messias aankondig, dan is die belangsrikste van die engele wat kom om die goeie nuus te bring dat die werk van Satan ongedaan gemaak gaan word.

“Sy was verloof aan Josef, ‘n man uit die nageslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria.”

Maria en Josef was verloof. Op hierdie stadium was beide Maria en Josef tuasen 12 en 16 jaar oud. Vandag sou Maria ‘n dogtertjie Graad 7 tot Graad 9 gewees het, maar in daardie dae was dit nie vreemd as ‘n meisie op daardie vroeë ouderdom getrou het en kinders gehad het nie.

In daardie tyd was verlowing ook iets anders as wat dit vandag is. Verlowing was ‘n baie meer formele saak waar die twee aan mekaar verbind word en om verloof te wees het baie meer beteken

as wat dit vandag beteken. Twee jongmense het in die teenwoordigheid van hulle ouers verloof geraak en die verlowing is verseël deur die twee wat saam uit dieselfde beker sou drink. Die wedersydse verbintenis, was nie minder as die verbintenis wanneer mense getroiud was nie. Om die verlowing te verbreek was soos om te skei. Daarom lees ons dat Josef in die geheim van haar wou skei toe hy hoor dat sy swanger is.

In daardie tyd het ‘n verlowing ongeveer ‘n jaar lank geduur waarna die paartjie dan amptelik getroud is.

Maria was nie net ‘n tiener nie, sy kon waarskynlik ook nie lees of skryf nie. Die sinagoge was in daardie tyd die plek waar mense geleer is om te lees en te skryf en aangesien net die seuns Rabbis kon word, is dit meestal hulle wat die voorreg gehad het om te leer lees en te skryf.

Alles wat Maria van God geweet het, was dit wat sy gehoor het en die liedere wat sy gesing het en die gebede wat sy gebid het. Dit beteken egter nie dat haar kennis oor God en sy Woord en die geskiedenis van Israel nie goed was nie. Dit was die trots van die Joodse volk dat hulle hulle kinders die geskiedenis van Israel geleer het en ook geleer het wat dit alles beteken. Hulle het dit gedoen deur vertellings; liedere; memorisering en gebede. Alhoewel Maria waarskynlik nie kon lees of skryf nie, sou sy beslis geweet het van die geskiedenis van Israel en God se beloftes aan Israel en die Messias wat almal verwag het.

4. Die dorpie Nasaret. (Lukas 1:26)

Ek het in die Swartruggens omgewing in die destydse Wes-Transvaal groot geword en was op Swatruggens op Hoërskool gewees. Op Swartruggens was daar net een van alles. Een teerstraat; een kerk; een kafee; een drankwinkel; een petrolstasie; een rivier. Die een teerstraat was baie besig want mense het deur Swartruggens gery oppad na Botswana, maar mense het nie graag daar gestop nie.

Mense weet van Swartruggens, maar hulle praat nie baie oor Swartruggens nie. Nasaret was nog kleiner en nog minder belangrik as Swartruggens. Niemand regtig van hierdie niksbeduidende dorpie kennis geneem nie. Vandag is Nasaret ‘n reuse stad, maar dit was besils in daardie tyd net ‘n klein dorpie met nie meer as 100 mense nie.

Maar soos ‘n onbekende en ongeletterde jong meisie deel was van God se plan, was Nasaret ook deel van God se plan. Die Messias kom nie uit ‘n paleis en ‘n groot stad waar hy die beste opleiding gekry het nie. Die Messias kom uit ‘n niksbeduidende dorpie: Nasaret. Hy is nederig; ‘n onbekende meisie uit ‘n niksbeduidende dorpie.

Gabriël se ontmoeting met maria begin met ‘n besondere groet.

> “Toe die engele by haar kom, sê hy: “Ek groet jou begenadigde! Die Here is by jou.”
> Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.

Toe Maria hom hoor, toe is sy verbaas, verbysterd, stomgeslaan. Sy verstaan nie wat hier aan die gebeur is nie. Sy is ‘n verloofde meisie en dit het onder andere beteken dat geen man alleen by haar kon wees nie, en hier is ‘n man wat hom nie hieraan steur nie.

Maar, die meer besondere deel van die groet is die woordjie “begenadigde”.

Wat ‘n besondere woord. Begenadigde beteken baie verskillende dinge. Dit is nie dat die woord elkeen van hierdie dinge kan beteken nie, al die verskillende betekenis is opgesluit in hierdie een woord. Die Griekse woord is “charis”

Begenadigde beteken:

“Jy het guns gevind gevind in God se oë – jy is begenadig.
“God het na jou gekyk en Hy hou van jou, maar jy het niks gedoen wat maak dat Hy van jou hou nie – jy is begenadig.”
Jy het guns gevind in God se oë, maar jy het niks gedoen om die te vedien nie – jy is ‘n begenadigde.
“God gaan vir jou goed wees ten spyte van wie jy is en wat jy is. Die Here het nie gesoek na ‘n tienermeisie wat ‘n maagd was nie. Die gebruik was dat meisies wat aan mans verloof was nog maagde was. God gaan jou ‘n baie besondere rol in die geskiedenis van die mesndom laat speel. Hy het jou vir geen spesifieke rede gekies nie – jy is ‘n begenadigde”

God bewys elke dag aan elkeen van ons “charis”: Guns; onverdiende goedheid; ten spyte van wie ek is en nie as gevolg van wie ek is. God gaan vir my goed wees omdat Hy wil. Ons kan mekaar ook maar groet met die woorde:

“Ek groet jou begenadigde! Die Here is by jou.”

Maria is begenadig vir ‘n baie besondere taak:

“Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring en jy moet hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.” (Lukas 1:28-33)

In ‘n paar sinne: Die seun aan wie jy geboorte gaan gee, is die Messias die een wie se geslagslyn in die tuin van Eden by Eva begin en deur Abraham en deur Dawid en dwarsdeur die Ou Testament loop.

Wanneer ons vandag Gabriël se aankondiging hoor dan is dit vir ons goeie nuus. Ons sing ook lofliedere oor die engel se boodskap. Maar, dit was nie vir Maria goeie nuus nie. Alhoewel Maria aan Josef verloof was, was sy nog ‘n maagd wat nog nooit seksuele omgang met ‘n man gehad het nie en was sy ook nie veronderstel om seksuele omgang te gehad het nie.

Ek het al soveel keer met ouers gewerk wie se dogter op skool swanger raak. As ek net kyk wat sulke ouers deurgaan, dan kan ek nie begin om te dink wat Maria gedink het en gevoel het toe sy hierdie boodskap hoor nie.

Hierdie ding wat Gabriël sê met haar gaan gebeur, is nie moontlik nie. 'n Maagd kan nie swanger raak nie. Daarom vra sy vir die engel hoe dit dan nou enigsins moontlik kan wees.

"Maar Maria sê vir die engel: 'Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?'" (Lukas 1:34)

Maria vra 'n billike en redelike vraag. Kom ek stel dit so. Tussen die lyne lees ek: "Meneer, ek mag dalk nog net 'n tiener wees, maar ek is al verloof. My ma het my alles vertel van waar babatjies vandaan kom, so ek mag dalk jonk lyk en jy mag dalk 'n engel wees, maar dit lyk nie vir my jy weet waar babatjies vandaan kom nie." Maria is heeltemal reg as sy sê: "Dit is tog nie moontlik nie." Dit kan nie gebeur nie. 'n Vrou moet omgang met 'n man hê en dit is die enigste manier waarop sy kan swanger word.

In antwoord op Maria se vraag wys die engel haar in die eerste plek daarop dat 'n familieled van haar. Elisabeth swanger geraak het toe sy eintlik al te oud was om kinders te hê.

Dit beteken, sê die engel, dat niks vir God onmoontlik is nie.

"Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek." (Lukas 1:35)

Gabriël verduidelik vir Maria dat sy swanger gaan word as gevolg van die werk van God die Heilige Gees in haar en dat die feit dat Elisabeth in haar gryse ouderdom swanger is behoort vir haar 'n bewys te wees dat niks vir God onmoontlik is nie. En Gabriël sê in daardie woorde:

"Niks is vir God onmoontlik nie." (Lukas 1:37)

Ons het met God die Almagtige te make. Die God vir wie niks onmoontlik is nie. Hy kan jou laat swanger word, ten spyte van die feit dat jy nog nie omgang met 'n man gehad het nie.

Hierdie eenvoudige antwoord stel Maria tevrede. Sy ken die geskiedenis van Israel. Sy weet van al die wonderwerke wat in die geskiedenis gebeur het wat net op een manier verklaar kan word en dit is: Net God kon, want Hy is die Almagtige.

En Maria reageer met oorgawe aan die Almagtige God.

"Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het." (Lukas 1:38)

Een sinnetjie van oorgawe voor die God wat alles kan. U is die Almagtige, maak met my wat U wil. Ek doen afstand van alles: My eie wil; my goeie reputasie; my behofte aan erkenning. Ek weet ek loop die risiko om deur die gemeenskap verwerp te word. Ek weet ek loop die risiko dat Josef die

verlowing sal verbreek. Ek weet ek gaan my ouers baie seermaak, want wie sal glo dat dit God is wat hierdie babatjie in my verwek het.

Ten spyte van al hierdie risikos' steeds hierdie gebed:

"Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het."

Ons vier in hierdie tyd die menswording van die Here Jesus Christus. Ons lees in hierdie verse die waagmoed van 'n jong meisie wat ten spyte van erge risikos, 'n keuse van oorgawe aan God en onvoorwaardelike onderwerping aan God se wil.

Kersfees kan nie verbygaan sonder dat ons diep nadink oor hierdie gebeure nie. As kersfees net 'n tyd is waar ons weer in verwondering staan oor alles wat 2000 jaar gelede gebeur het, dan beteken dit nie regtig veel dat ons kersfees vier nie.

Maar, as ons aan kersfees dink en daaraan dink dat God mens geword het, dan is die uitdaging voor elkeen van ons: Sal jy dan nie maar vandag kies om in volle oorgawe en radikale onderwerping aan God se wil, beskikbaar te wees sodat God weer in ons lewens mens word nie, hande kry wanneer ons swaarkry verlig – soveel mense wat nie kos het nie. Voete het wat die ekstra myl sal loop en bereid is om opofferings te maak vir ander. Harte het wat vergewe sodat verhoudings herstel kan word. Gedagtes dink wat net die dinge dink wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is.

Kom ons stap in hierdie kersfeestyd in met die gewilligheid om risikos te loop, die gevolge te dra van 'n keuse om radikale en reserwelose oorgawe aan ons Here en ons God te maak. Die Almagtige God vir wie niks onmoontlik is nie. Die Almagtige God wat in Maria 'n babtjie kon verwek en in my en jou 'n nuwe hart en 'n nuwe verstand en gewillige hande en gewillige voete te gee. Sodat Jesus in ons weer vlees kan word.

Sou dit nie wonderlik wees as Kersfees hierdie jaar 'n nuwe gebed op ons lippe sit nie. 'n Gebed wat die laaste woorde is voor ek aan die slaap raak en die eerste woorde wanneer ek wakker word:

"Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het."

Want vir God is alle dinge moontlik

AMEN!!